# INSKRYWINGSVORM VIR 'N NUWE LEERDER VAN HOËRSKOOL RANDBURG

**2026**

| | Merk asb. indien dokumente aangeheg is | |
|---|---|---|
| | **Ouer** | **Onderwyser** |
| Aansoek om toelating | | |
| Persoonlike inligting | | |
| Vrywaringsvorm | | |
| Verklaring | | |
| Dissiplinêre kode van die skool en skoolreëls | | |
| Algemene inligting | | |
| Besonderhede vir punterekenaar | | |
| Bewys van huidige adres nie ouer as drie maande | | |
| MySchool Smartkaart Inskrywingsvorm - **(Voltooi asb, dit bring fondse in vir die skool)** | | |
| **HEG ASSEBLIEF DIE VOLGENDE DOKUMENTE AAN** | | |
| Bewys van adres (afskrif van water-en-elektrisiteitsrekening of enige ander dokument soos deur die FICA Wet bepaal) moet saam met dié vorms ingedien word. **(Verpligtend)** | | |
| Gesertifiseerde afskrif van beide ouer/voog se ID. | | |
| Nuutste Rapport | | |
| Oorplasingssertifikaat | | |

**LET WEL**

Die Gauteng Departement van Onderwys implementeer vanaf 2010 die LURITS DATABASIS. ("Learner Unit Record Information and Tracking System")

Dit is derhalwe baie belangrik dat alle toepaslike velde in die gerekenariseerde inskrywingsvorm volledig voltooi word ten einde u kind op die stelsel te registreer.

Die volgende moet asseblief **volledig** deur **almal** voltooi word.

- Kontakinligting
- Familiesamestelling
- Vader en moeder se inligting (kontaknommer en adres)
- Noodgeval
- Mediese fonds

# AANSOEK OM TOELATING

## 1. INSTRUKSIES

Meegaande aansoekvorms moet gekontroleer/ingevul word deur die leerder se **biologiese ouer/s** of sy/haar **wettige voog** vir elke kind wat om toelating tot die skool aansoek doen.

1.1 Die volgende dokumente ten opsigte van die leerder wat ingeskryf word, moet by hierdie aansoekvorm aangeheg word:

a) ’n Gesertifiseerde kopie van die geboortesertifikaat of relevante bladsy van die identiteitsdokument.

b) Oorplasingskaart vanaf vorige skool (**verpligtend**).

c) Laaste skoolrapport of uitslae van vorige kwartale.

1.2 Die aansoekdokumente moet onderteken word deur ten minste **een biologiese ouer,** andersins die **wettige voog,** soos deur die hof bepaal. Die dokumente betreffende betaling van skoolgeld **moet** ook deur die persoon wat verantwoordelikheid vir die betaling van die verpligte skoolgelde aanvaar, onderteken word. **(Albei ouers is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van skoolgelde, ook as hulle geskei is.)**

## 2. REËLS WAT DIE TOELATING VAN ’N LEERDER BEPAAL:

2.1 Die biologiese ouer/s, wettige voog of sorggewer soos deur die hof bepaal, moet die volgende dokumente sorgvuldig bestudeer, voordat die aansoekvorm onderteken word. Die aanbring van ’n handtekening, soos aangedui in dokumentasie, dui op die aanvaarding van en voldoening aan die terme van:

a) Beleidsdokumente van die skool (op aanvraag by die Hoof beskikbaar).

b) Die afsonderlike ooreenkoms wat hierdie dokument vergesel (finansiële vorm hierby ingesluit).

2.2 Die betaling van die eerste paaiement van RXXXXXXX is by inskrywing betaalbaar. **U skoolgelde vir die betrokke jaar sal met hierdie bedrag gekrediteer word.**

2.3 Hierdie dokumente is ’n aansoek om toelating en is voorlopig, totdat dit goedgekeur en bevestig word deur die aanbring van die handtekening van die voorsitter van die Beheerliggaam of van die skoolhoof of sy gevolmagtigde.

**LET WEL**

**ALLE INLIGTING OP ELKE BLADSY VAN HIERDIE, SOWEL AS DIE FINANSIËLE VORMS, MOET VOLLEDIG INGEVUL EN NAGEGAAN WORD.**

# VRYWARING

1. Ek, ______________________________________ ouer / voog met ID nommer _____________________ van bogenoemde leerder, gee hiermee toestemming dat hy/sy aan buitemuurse aktiwiteite van die skool mag deelneem en toere en uitstappies mag meemaak wat vir die beoefening daarvan nodig is, sowel as om toetse deur die skool ondersteuningspan met die oog op hulpverlening in skoolwerk of identifisering van probleme mag aflê.
2. Ek verleen toestemming dat my kind vervoer mag word deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur. Indien daar slegs 'n klein groepie leerders vervoer moet word, kan daar ouers / onderwysers met wettige bestuurslisensies gevra word om leerders te vervoer.
3. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese rekeninge en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, in geval van 'n besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
4. Ek onderneem om my kind te ondersteun in die nakoming van die Gedragskode en dissiplinêre stelsel van Hoërskool Randburg soos vervat in die uitstappie en toerbeleid.
5. Hiermee bevestig ek dat enige beeldmateriaal van my kind gebruik mag word vir enige publikasies van die skool, in watter formaat ook al.
6. Ek dra my magte as ouer / voog aan die Hoof van die skool of sy verteenwoordiger oor indien mediese behandeling / chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees. Sovêr ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan die genoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid. Ek aanvaar dat ek eers gekontak sal word en indien ek nie beskikbaar is nie, bogenoemde persone toestemming sal verleen.
7. Ek versoek dat die verantwoordelike persone op die bogenoemde leerdergesondheidsinligting, huisdokter en mediesefondsinligting sal let.

Handtekening van ouer/voog: ______________________________

Datum: ______________________________

# VERKLARING EN TOESTEMMING

Ek, die ondergetekende, die ouer/voog/sorggewer van die bogenoemde leerder, verklaar hiermee dat die inligting wat hierbo verskaf is, korrek is en dat ek die dokumente waarna verwys is, gelees het en dit verstaan. Ek onderneem:

a) om die skool skriftelik in kennis te stel van enige adresverandering;
b) om die skool in kennis te stel van enige aansteeklike siekte in my/ons huishouding en
c) dat ek sal toesien dat my kind(ers) die skool gereeld bywoon en voldoen aan die reëls en regulasies van die skool. Ek erken voorts dat die bepaling van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, die Skolewet (Gauteng) 6 van 1996 en enige Regulasies afgekondig kragtens hierdie twee wette, geag word deel te vorm van hierdie ooreenkoms in sovêr dit van toepassing is.

Handtekening van ouer/voog: ______________________________

Datum: ______________________________

Naam van persoon verantwoordelik vir skoolgelde: ______________________________

Handtekening: ______________________________

Datum: ______________________________

## BESONDERHEDE VIR PUNTEREKENAAR: (slegs vir nuwe leerder)

## LEERLINGBESONDERHEDE:

Van: ______________________________

Volle naam: ______________________________

Noemnaam: ______________________________

ID nommer: ______________________________

Geslag: ______________ Geboortedatum: ______________

Bevolkingsgroep: ______________ Graad: ______________

Het jy al ooit 'n graad herhaal? Ja _____ Nee _____ Indien wel, watter jaar en graad? ______________________________

## OUER/VOOG BESONDERHEDE:

Van: ______________________________

Volle naam: ______________________________

Noemnaam: ______________________________

ID nommer: ______________________________

Kontaknommer: ______________________________

E-posadres: ______________________________

Verwantskap: ______________________________

## VAKKE (slegs vir Gr 10 – 12)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Afrikaans | | |
| 2. | Engels | ☐ Eerste Addisionele Taal | ☐ Huistaal |
| 3. | Wiskunde | ☐ Wiskundige Geletterdheid | ☐ Gewoon |
| 4. | Lewensoriëntering | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| 7. | | | |
| 8. | | | (opsioneel – addisionele koste verbonde) |

# DISSIPLINÊRE KODE VAN DIE SKOOL EN SKOOLREËLS

Elke ouer en leerder is onmisbare vennote in die opvoedingsproses. Om te verseker dat elke leerder maksimaal by alle aspekte van die skool se opvoedings- en leergeleenthede kan baat, is sinvolle dissipline noodsaaklik. Voorts is dit ook noodsaaklik dat leerders reeds van jongs af leer om gehoor te gee aan die reëls en regulasies van die instelling of samelewing waartoe hulle, hulle verbind ten einde in selfgedissiplineerde volwassenes te ontwikkel. Sinvolle en gesonde dissipline is nie net in die individu se belang nie, maar ook in belang van die skool se beeld na buite.

As verantwoordelike volwassenes kan personeel en ouers nie toesien dat 'n klein minderheid leerders wat nie aan die reëls van die skool gehoor wil gee nie, die skool se beeld en ander leerders se leergeleenthede benadeel nie. Daarom vra ons elke ouer en leerder om in raad en daad die skool se dissipline te ondersteun deur toe te sien dat die leerder binne die reëls optree. Ouers word versoek om die dissiplinêre prosedures van die skool te ondersteun.
Hier volg nou 'n verkorte raamwerk van die dissiplinêre prosedure en reëlings: Sien Bylaag 1 vir 'n verkorte weergawe van die skoolreëls.

| Akademiese oortredings | Dissipline oortredings |
|---|---|
| • Op 40 negatiewe punte voer die graadhoof 'n gesprek met die leerder.<br>• Op 75 negatiewe punte word ouers deur die graadhoof gekontak (kry vorderingsverslag).<br>• Op 125 negatiewe punte word die leerder na 'n dissiplinêre hoof verwys. | • Enige gedragsprobleme word deur 'n dissiplinêre hoof hanteer.<br>• Op 75 negatiewe punte ontvang ouers 'n skriftelike kennisgewing.<br>• Op 125 negatiewe punte word 'n gesprek met die leerder gevoer.<br>• Op 200 negatiewe punte word ouers vir 'n afspraak by die skool gekontak.<br>• Op 250 negatiewe punte sal 'n dissiplinêre verhoor saam met die hoof gehou word. |

- **NB:** In geval van 'n ernstige gedragsoortreding, soos bv. Hier onder gelys, word die aangeleentheid direk na die hoof of sy afgevaardigde vir hantering verwys.
  - Geweld, boelie, naamskending, kuberboelie.
  - Verspreiding of in die besit van pornografiese materiaal via elektroniese sosiale media of enige ander medium.
  - Seksuele misdrywe en/of teistering.
  - Gebruik van onwettige middels waaronder bv. steroïede, dwelms, alkohol en sigarette – ook elektroniese sigarette, vapes en/of hubbly bubbly.
  - Enige teistering, laster en ongewenste optrede teen 'n onderwyser waaronder beslis geweld en vloek/uitskel sorteer.

**NB:** Leerders is direk aanspreeklik vir alle plasings op enige sosiale media platform.

# POSITIEWE PUNTE KAN VERDIEN WORD DEUR:

- Skooldeelname
- Bywoning van skoolbyeenkomste
- Behulpsaamheid by skoolaktiwiteite
- Algemene behulpsaamheid

# BYLAAG 1: SKOOLREËLS : VERKORTE WEERGAWE

1. Geen leerder op die skoolterrein of in skoolklere mag in besit wees van enige vorm van alkoholiese drank, sigarette (ook elektroniese sigarette), - aanstekers, dwelms, pornografiese materiaal of wapens, of dit gebruik nie.
2. Geen leerder mag gedurende die skooldag van die skool of 'n klas afwesig wees sonder 'n wettige of redelike verskoning nie. Na 'n afwesigheid moet die leerder die volgende dag 'n afwesigheidsbrief inhandig.
3. Leerders moet betyds vir hul klasse en vir skool opdaag.
4. Geen leerder mag die onderrig- en leerproses in enige klas bedreig, ontwrig of frustreer nie.
5. Leerders mag nie die eiendom van die skool of enige ander persoon op enige manier beskadig/ontsier, of rommel strooi nie.
6. Leerders mag nie onwelvoeglike en lasterlike taal gebruik nie.
7. 'n Leerder mag nie die regte of menswaardigheid van enige ander persoon op enige manier bedreig of aantas hetsy deur lasterlike, rassistiese, seksistiese of ander optrede nie, ook nie op sosiale media platforms nie.
8. 'n Leerder mag nie enige persoon intimideer, seksueel teister, dreig of fisies aanrand nie.
9. 'n Leerder mag hom/haar nie skuldig maak aan enige vorm van diefstal, oneerlikheid of vervalsing nie.
10. 'n Leerder mag nie die skool se funksionering bedreig deur deel te wees van enige vorm van sameswering of kollektiewe optrede nie.
11. Leerders word ontmoedig om tatoeëermerke te laat aanbring en reeds bestaande tatoeëermerke moet deur skoolklere verberg word.
12. Die gebruik van steroïede en ander onwettige middels word ten sterkste verbied.

## Reëls rakende voorkoms:

**Saalopening is 'n formele dag by Hoërskool Randburg, alle leerders moet dus 'n baadjie dra.**

| **Seuns : Wintersdrag / Formele drag** | **Seuns : Somersdrag / Informele drag** |
|---|---|
| • Langmouhemp, netjies ingesteek met das.<br>• Netjiese swart toeryg-skoolskoene.<br>• Grys skoollangbroek met 'n gordel sonder groot gespe (geen "skinny"-snit nie).<br>• Grys skoolkouse met geel en blou strepe.<br>• Skooltrui. (Skooltrui mag slegs onder 'n baadjie gedra word ongeag somer of winter)<br>• Baadjie.<br>• Serpe slegs saam met wintersdrag. | • Kortmouhemp, netjies ingesteek.<br>• Netjiese toeryg-swart skoolskoene.<br>• Grys skoollangbroek met 'n gordel.<br>• Kortbroeke: lengte 3 vingers bokant knie. (Geen "skinny"-snit of kort). Amptelike grys skoolkouse met geel en blou strepe. Baadjie mag saam met kortbroek gedra word. Uitstapdrag is altyd grys langbroek.<br>• Skooltrui mag slegs onder 'n baadjie gedra word ongeag somer of winter. |
| **Dogters : Wintersdrag / Formele drag** | **Dogters : Somersdrag / Informele drag** |
| • Blou skoolromp of donkerblou skoollangbroek **(LW: 'n langbroek moet saam met 'n baadjie gedra word).**<br>• Langmouhemp netjies ingesteek met das. Daspunt moet tot by naeltjie strek.<br>• Vlootblou "tights" (nie sykouse nie) met netjiese, swart skoolskoene<br>• Baadjie.<br>• Skooltrui mag slegs onder 'n baadjie gedra word ongeag somer of winter.<br>• Serpe slegs saam met wintersdrag. | • Blou skoolromp (vier vingers bokant die knie).<br>• Blou skoolsokkies met strepe.<br>• Blou skoolhemp.<br>• Netjiese, swart skoolskoene.<br>• Skooltrui mag slegs onder 'n baadjie gedra word ongeag somer of winter.<br>• Skooltrui mag nie in rompie gesteek word nie. |
| **Ondersteunersdrag** | |
| Word slegs by spesiale geleenthede gedra soos deur die skool bepaal en tydens LO-periodes.<br>• Skoolgholfhemp met Randjiebroek.<br>• Seilskoene en 'n skool sweetpakbaadjie. | |

| Seuns : Hare | Dogters : Hare |
|---|---|
| • Te alle tye kort. Geen kuiwe mag aan wenkbroue raak nie. (1cm bokant wenkbrou).<br>• Wangbaarde mag nie langer as die middeloor (gat) wees nie en moet ook netjies wees.<br>• Geen uitheemse "punk" en ander wilde haarstyle en snitte is aanvaarbaar nie bv. "mohawk", "mullet" ens. Hare mag nie gekleur word nie.<br>• Seuns moet te alle tye geskeer wees.<br>• Jel en waks wat netheid bevorder, is aanvaarbaar. | • Natuurlike, netjiese haarstyle en haarsnitte. Geen los slierte in die gesig nie.<br>• Geen uitheemse, "radikale" haarstyle of haarsnitte nie.<br>• Jel, waks, haarsproei wat netheid bevorder, is aanvaarbaar.<br>• Gekleurde hare/strepe in hare moet natuurlik wees en nie opvallend en kontrasterend nie (geen pers, blou, swart, rooi of blonde koppe nie).<br>• Haarknippe: goud/silwer. Gr 12-leerders het alleenreg op rooi.<br>• Haarlinte/rekkies: blou. Gr 12-leerders het alleenreg op rooi. |
| **Seuns : Voorkoms** | **Dogters : Voorkoms** |
| • Naels netjies geknip en skoon. | • Naels netjies geknip en skoon.<br>• Kleurlose / deurskynende naellak – geen "French Manicures" nie.<br>• Geen grimering soos oogskadu, maskara of lipstiffie nie. |
| **Seuns : Juwele** | **Dogters : Juwele** |
| • Geen juwele soos hangertjies, ringe, neusringe en oorbelle word toegelaat nie, slegs 'n armhorlosie.<br>• Slegs kettinkies en armbande met mediese voorskrifte.<br>**Juwele wat afgeneem word, sal bewaar word en aan die einde van die jaar aan die leerder terugbesorg word.** | • Slegs kettinkies en armbande met mediese voorskrifte.<br>• Slegs een oorring per oorlob.<br>• Slegs klein, ronde ringetjie of knoppies – silwer of goud.<br>• Geen juwele soos neusringe, hangertjies of ringe nie.<br>• **Juwele wat afgeneem word, sal bewaar word en aan die einde van die jaar aan die leerder terugbesorg word.** |
| **Seuns en dogters algemeen** | |
| Geen tatoeëermerke mag sigbaar wees nie. | |

**Onderneming deur die leerder en sy/haar voog:**

Ek, ________________________________________ ouer/voog van ______________________________________ in graad ___

- het my deeglik van die inhoud van die dokument rakende die skoolreëls en dissiplinêre prosedure verwittig;
- onderneem om toe te sien dat my kind bogenoemde reëls nakom; en
- ondersteun die skool se dissipline om sodoende die regte van elke persoon aan die skool verbonde te beskerm.

**Handtekening van Vader / Voog** __________________________________________ **Datum:** _________________________

**Handtekening van Moeder / Voog** _________________________________________ **Datum:** _________________________

**Onderneming deur leerder**

Ek, _______________________________________________ ________________________________ in graad _____

- het my deeglik van die inhoud van die dokument rakende die skoolreëls en dissiplinêre prosedure verwittig;
- onderneem om by bogenoemde reëls te hou; en
- ondersteun die skool se dissipline om sodoende die regte van elke persoon aan die skool verbonde, te beskerm.

**Handtekening van Leerder** __________________________________________________ **Datum:** _________________________

# ALGEMENE INLIGTINGSBLAD

1. **Kontak ons**

| | |
|---|---|
| Telefoon: | 011-782-6226 |
| | |
| E-posadresse: | |
| Akademie | sau@hsrandburg.co.za of ellenize.mans@hsrandburg.co.za |
| Algemeen | admin@hsrandburg.co.za |
| Bemarking | bemarking@hsrandburg.co.za |
| Kultuur | kultuur@hsrandburg.co.za |
| Magneetskool vir Musiek | magneetskool@hsrandburg.co.za |
| Sport | sport@hsrandburg.co.za |
| Ontvangs | ontvangs@hsrandburg.co.za |
| Debiteure | debiteure@hsrandburg.co.za |

2. **Bankbesonderhede**

ABSA – Randburg

| | |
|---|---|
| Naam van Rekeninghouer: | Hoërskool Randburg |
| Tipe rekening: | Lopende rekening |
| Rekeningnommer: | 170 680065 |

3. **Parkering**

**Ouers mag nie by die skoolterrein in ry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerspasies in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders "gou-gou" op of af te laai nie.**

**Fietse** parkeer by die matriekparkering en daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige skade of diefstal nie.

**Motorfietse** en **Motors van leerders wat op die perseel wil parkeer** se parkering word deur mnr. Mans aangewys. Neem ander motoriste in ag wanneer jy parkeer. 'n Geldige bestuurslisensie moet getoon word en parkering geskied op eie risiko.

**Betaling vir motors en motorfietse:** R150 per kwartaal vir parkering en R250.00 vir 'n hekkontrole ("remote"). Die hekkontrole word na die graad 12 eksamen ingehandig waarna die R200.00 terugbetaal sal word. Die hekkontrole se kode word jaarliks verander.

**Algemene reëls vir parkering:**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige harde musiek of hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) word vir personeel gereserveer (SAU sentrum).
6. Indien enige persoon, sonder toestemming op die terrein parkeer sal 'n boete van R200 uitgereik word.

4. **Afhaal van leerders gedurende skooltye**

Die volgende prosedures geld en ouers word versoek om asseblief streng hierby te hou:

- Indien u, u kind weens 'n afspraak van watter aard ook al, by die skool moet kom haal, word u versoek om asseblief 'n brief te skryf (met die tyd wanneer en wie hom / haar by die skool afhaal duidelik daarop).
- Hierdie brief moet deur 'n adjunkhoof (mev Gouws of mnr Vosloo) geteken word.
- Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en ontmoet die persoon wat hom / haar kom haal in die voorportaal waar 'n register geteken moet word. **Let wel: Leerders sal nie oor die interkom uit klasse geroep word nie**.
- Indien 'n leerder siek is, móét hy / sy na Ontvangs gaan waar die ontvangsdame die nodige sal doen.
- Leerders word versoek om asseblief **nie self ouers te skakel nie**.

5. **Klerebank**

Mev L. Marx wat die klerebank behartig, sal op Woensdagmiddae van 11:00 tot 14:30 in die klerebank wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig ook graag 'n versoek aan alle ouers en oudleerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

6. **D6 Connect Toep**

Ons rig 'n versoek aan alle nuwe Randjie-ouers / -voogde om die D6 Connect toep vir rekenaars en slimfone by https://d6.co.za/education/products/d6-plus/d6-connect/ af te laai.

7. **Webwerf**

www.hsrandburg.co.za

8. **Facebook**

Hoërskool Randburg

9. **Istagram**

@hsrandburgofficial